WEL EN WEE VAN DIE MILITêRE VETERANE : BERIG 07/2019
25/07/2019

WEE VAN DIE VETERANE

1. Afsterwe van Egbert Prinsloo van die SAGD
Tony Dippenaar van Cela verwittig met leedwese "…dat Egbert op 01/07/2019 oorlede is. Die laaste jare het Egbert fisies erg verswak, maar geestelik nog altyd so helder en skerp gebly as wat hy ooit was. Die Gedenkdiens is op 05/07/2019 by die NG Gemeente Kameeldrif gehou.

Egbert was lank verbonde aan die Burgermag voordat hy in 1977 by die Staandemag aangesluit het. Hy het onder andere as Bev van 3 Mil Hosp, Mediese Kmdmt Suid-Transvaal en as Dir Medies te SAGD HK gedien. Na sy aftrede het hy hom te Kameeldrif gevestig. Egbert was n baie reguit mens, met 'n besondere humorsin en was 'n storieverteller van formaat, wat net soveel plesier uit die oorvertel as sy gehoor geput het. He was witty, well read, steadfast and totally devoted to his family and calling, in that order. I will very much miss this Man for all Seasons".

2. Afsterwe van Marthyn Viljoen van die Infanterie
Tienie Smuts en Frans van den Berg van die Infanterie verwittig met leedwese "…dat Martyn op 21/07/2019 in 1 Mil Hosp oorlede is, slegs twee jaar na die afsterwe van Joyce, sy eggenote. Martyn se regterbeen is afgesit en hy het beswyk voordat sy linkerbeen ook geamputeer kon word. Marthyn se broer, Pennie, se selno is 082 644 6633".

Chris van Zyl van die Geskut verwittig dat die Gedenkdiens om 11:30 op Vrydag 26/07/2019 by die Gereformeerde Gemeente Wierdapark geleë te Willem Bothaweg 249 in Wierdapark sal plaasvind.

Geoff Holland-Muter van die Infanterie-vereniging noem dat die Vereniging voorberei het om op militêre wyse van Marthyn afskeid te neem, maar dat Marthyn se kinders teen enige militêre seremonie by die kerk besluit het. Geoff het egter beslis dat die Veterane die diens in Bonddrag of baadjie met groot medaljes moet bywoon.

3. Passing of Mark Nel of the SAN
Arne Soderlund of the SAN advises with sincere regret that "… Mark had passed away at 1 Mil Hosp on 08/07/2019. He was 84 years old and retired from the SAN in 1988. Our deepest sympathy to his children, Stellamarie, Annelize and Simon and the family".

4. Afsterwe van Sakkie (Johan) Badenhorst van Logistiek
Albert Peters van de Infanterie verwittig met leedwese "…dat Sakkie op 30/06/2019 na 'n lang siekbed oorlede is. Sakkie het by die destydse KMG en 5 MWE gedien. Die begrafnis het op 05/07/2019 by die Kapel van Grobbelaars Begrafnisdienste in Riveria, Pretoria plaasgevind. Sy eggenote, Susan, se selno is 082 713 0511".

5. Afsterwe van Gerrie Luus van die Seiners
Paul Els en Henry du Piesanie van die Seiners verwittig met leedwese "…dat
Gerrie op 01/07/2019 oorlede is. Gerrie was 'n voormalige AO van die Seinkorps".

6. Afsterwe van Chris Roberts van die SALM
Johan Roberts verwittig met leedwese "…dat sy vader op 20/6/2019 na 'n lang stryd met emfiseem oorlede is. My vader het by 28 Esk te LMB Waterkloof voor aftrede gedien. Sy roudiens het op 27/6/2019 by die NG Gemeente in Jeffreysbaai plaasgevind. My moeder, Rina, se selno is 083 277 1401".

7. Passing of Mark Nel of the SAAF
* Cassie Nel reported on FaceBook "... that Mark, a previous flight engineer who became the Captain of a A380 passenger aircraft, went to visit his SAAF colleagues in Cape Town, during which he was shot by criminals from the Cape Flats. He was shot in the leg and died from his wounds leaving a beautiful family behind. RIP Mark and sincerest condolences to your family and friends".

* Kevin Grinaker added "… that words cannot give Karen, Cassidy, Bryan and Paul and his family much comfort, but our hearts are with them all. Mark was a man amongst men, a friend and a brilliant aviator. He had a heart of gold, a superior sense of humour and was incredibly humble. Gone, but never forgotten. Rest in Peace, my good friend.

8. Terugslag vir Willem (Durie) van Deventer van die Infanterie
* In die vorige Nuusbrief het Mos Grobler van die Infanterie gerapporteer dat Durie op 06/05/2019 geval en ernstig seergekry het. Durie was in Afd Hoësorg van die privaathospitaal in Montana in Pretoria vir bloeding op die brein behandel, maar is later nou vir rehabilitasie na 1 Mil Hosp oorgeplaas. Hy kon nie praat nie, omdat hy op 'n ventilator was.

* Shai Mulder van die Genie noem dat hy "… vir Willem in 1 Mil Hosp besoek het. Dit gaan swaar met hom. Sy dogter het gevra dat ons vir Willem sal bid".

* Durie se dogter, Christel, se selno is 082 574 3592 en verwittig "… dat Durie vanaf Montana Hospitaal na 1 Mil Hosp oorgeplaas is, maar na twee weke het sy toestand so verswak dat sy dokter opdrag gegee het dat hy na Montana Hospitaal teruggestuur word. Hier het sy toestand vinnig verbeter en is die lugpyp uit sy keel verwyder, wat hom toelaat om te eet en te praat. Hier het 'n 'wonderwerk' gebeur en ons het nou baie moed vir die toekoms. Durie waardeer besoeke en Christel versoek die Veterane om vir Durie te gaan opbeur".

* Louis Coetzee van die Lugafweer rapporteer "… dat Durie se dogter, Hermien, my ingelig het dat Durie op 24/07/2019 weer na Saal 13 by 1 Mil Hosp oorgeplaas is". Nota. Ons kan nou maar begin regmaak vir die ergste.

9. Condition of Jeff Knipe

Kevin Bolton has advised on FaceBook that this previous RSM of 1 Mil Printing Regt and 4 Survey and Mapping Regt is in Entabeni Hospital in Durban, in ICU in a semi-coma.

PERSOONLIKE BOODSKAPPE

10. Huldeblyk aan Calla Theron van de Geskut en Leërinligting

Koos Louw en Dirk Lochner van die SAV verklaar dat "… ons groot waarde aan Calla se insette en raad geheg het. Broekies het hom ook met reg as die bobaas Galjoenvanger beskryf. 'n Galjoen het eenkeer terugbaklei, amper soos daardie tekening van die padda wie se kop reeds in die bek van reier was en hom toe begin wurg het. Calla het een van sy vele galjoene volmaak gebraai en geëet, maar het toe een van daardie klein graatjies ingesluk. Die graatjie het op 'n baie strategiese en ongemaklike plek vasgesteek en 'n dokter moes dit met 'n tang verwyder. Baie dankie Calla vir al die lekker gesels en gekorswel, die lekker Galjoen wat ons kon deel, die raad hoe en waar om hulle te vang en jou insigte oor SWA. Jy was 'n voorbeeld van 'n spanman. Sien jou aan die anderkant".

11. Huldeblyk aan Dirk van der Bank van die Infanterie

CP du Toit van die Kavallerie noem dat hy "… na vele jare weer met Dirk kon kontak maak toe ek in Suidoos-Asië vir die VN gewerk het. Ek het hom vir die VN gewerf toe ek in die Soedan was, waar hy toe vir vyf jaar in die Soedan as die VN se Hoofsekuriteitsbeampte vir Vredeshandhawingsoperasies gewerk het. Hy het daarna vir die VN op kontrak in Somalië en toe weer in Suid-Soedan gedien, waar hy as 'n projekbestuurder vir my afdeling op 'n groot sekuriteitsprojek diens gedoen het. In Feb 2019 is hy na Papua Nue Guinea as 'n konsultant vir die VN ontplooi, waar hy vermoedelik 'n nare virus opgedoen het. Dirk was gerespekteer in die VN en het met sy uitnemende interpersoonlike eienskappe en onkreukbare integriteit en etiek indruk gemaak. Sulke eienskappe is skaars in internasionale en moderne gemeenskappe! Hy was 'n diep gelowige mens en 'n baie sterk gesinsman en goeie vriend".

12. Gideon Myburgh van die TDK

"Ek wil graag my makkers opspoor wat saam met my in 1980 by 34 Basiswerkplaas in Voortrekkerhoogte onder staff sers Biedermann gedien het. Ek was daarna in 'n motorongeluk, is 'n parapleeg en moes rehabilitasie ondergaan. My e-posadres is myconprojects@gmail.com".

13. Peter Rose of the Infantry in the Congo

"I am at present working in the Republic of Congo and am staying in a mining camp in Mayoko, approximately 36 km from the Gabon border. The climate is equatorial and it is now what they call the dry season, but we are expecting heavy rain from Oct 2019 till middle May 2020. Language spoken is the local dialect and French, which is not easy to learn! We are a mining exploration company with me acting as the Group Risk Manager. At present there are 12 expats on site and fortunately all are from RSA, so we braai regularly after receiving pap and boerewors from the RSA and converse to each other in English and Afrikaans. I am thankful that my prosthetic lower limb leg is holding.

I miss my military friends but have contact with Arlene Bronkhorst and Jan Malan at the SADFA, as well with Frank Frankenberg, John Lizamore and Gert Opperman. Paul Els also contacts me regularly regarding information for books he is writing. I am still in heart and soul a member of 32 Bn Veterans Association so hope to make contact with some of old members when I come home again. My daughter and grandsons are emigrating to Germany, so I will have no close family left in the RSA. My kind regards to all and take care. The photos show the working environment and myself".

14. CP (Chris) du Toit van die Kavallerie

“Ek sou vroeër vanjaar as ’n waarnemer van die Carter Stigting tydens die verkiesing in die Kongo ontplooi het, maar het besluit ek is vir eers genees van diep Afrika. Ek het in 2018 na 15 jaar by die VN as Principal Security Advisor for the UN in Country of Deployment, klaargemaak. Was hoofsaaklik in konfliklande in Suidoos-Asië, die Midde Ooste, Sentraal Asië en Afrika ontplooi, waar my laaste pos in Suid-Soedan was. Deesdae doen ek slegs konsultasie vir die VN, IMF en die Wêreld Bank en vorm deel van internasionale monitorentiteite tydens verkiesings as ’n sekuriteitsdeskundige. My e-posadres is chrisdutoit123@gmail.com”.

MILITêRE AANGELEENTHEDE

15. SAS Drakensberg on Duty with Op Copper

Arne has reported in his MN that SAS Drakensberg is on station in the Mozambique Channel for a tour of duty to enforce anti-piracy and anti-crime executions. This is not the first time the 32-year-old fleet replenishment ship has been deployed on Op Copper, the ongoing bilateral anti-piracy operation involving Mozambique and South Africa as member states of the Southern African Development Community (SADC). ‘Drakies’, as she is widely and affectionately known, was on station in the Mozambique Channel some years ago when the first and to date only involvement of a SA maritime asset in halting an attempted pirate raid happened. This time the tasking will see Drakensberg, in addition to using its electronic eyes and ears to keep watch on suspicious craft, be temporary home to elements of the SAN Maritime Reaction Sqn along with Mozambican marines. Their tasking is essentially anti-crime as the just over twelve thousand ton vessel works planned patrols in an area close to the oil and gas fields off Northern Mozambique.

16. China Begins Naval Exercise in the South China Sea

In the previous Newsletter Arne had reported that China has surpassed Russia as a naval power. To enforce this role, China is holding military exercises across a broad swath of the South China Sea, reinforcing its claim to virtually the entire strategic waterway. The photo was taken during the exercise.

TOEKOMSTIGE OORLOë

17. NTR.

MILITêRE MEDIESE VERSORGING

18. NTR.

FUNCTIONING OF THE MEDICAL CONTINUATION FUND (RFMCF)

19. NTR.

EIETYDSE MILITêRE GESKIEDENIS

20. Toestand van die Gedenkteken in Virginia
Willie Louw van die Kavallerie noem dat in Nov 1989 is ‘n Gedenkteken vir die SAW se gevalle helde in Virginia se begraafplaas in samewerking tussen die Stadsraad en die Virginia Komdo opgerig. Willie was as die destydse Bev Gp 34 by die inhuldiging van die Gedenkteken betrokke en is bekommerd oor die toestand van hierdie begraafplaas en die Gedenkteken. Willie vra dat ‘n Veteraan wat in die Vrystaatse Goudvelde woon gaan ondersoek instel en terugrapporteer.

21. Verbintenis tussen Theunissen Komdo en Sir Pierre van Ryneveld
Willie Louw van die Kavallerie vertel dat “…Sir Pierre se nagedagtenis voortgeleef het in die Sir Pierre van Ryneveld-kroeg by die plaaslike Kommando. Die kroeg is in 1976 ingewy en Sir Pierre was self teenwoordig om sy geskiedkundige vliegoorpak en vliegmus aan die Kommando te skenk. Die oorpak en vliegmus is in ‘n glaskas in die kroeg bewaar. Die inwoners van Theunissen onthou ook dat Sir Pierre die eerste vlieënier was wat by die dorp geland het. Sir Pierre se pa, Dawie van Ryneveld, was die eerste Vrederegter van Theunissen en die gesin het op ‘n plaas naby die dorp gewoon.

Sir Pierre het in WO1 in die RFC en RAF gedien en is deur die Eerste Minister, Genl Jan Smuts, teruggeroep om die SALM, die tweede oudste lugmag ter wêreld, te stig. In 1920 het hy en sy mede-vlieënier, 2Lt Quinton Mouton, die eerste vlug oor Afrika van Engeland na Kaapstad met ‘n Vickers Vimy (Silver Queen) vliegtuig afgelê. Die geskiedkundige vlug het 44 dae (net meer as 109 uur) geduur en was gekenmerk deur verskeie terugslae en probleme. Albei vlieëniers is na die vlug as ridders geslaan. Tot 1949 het Sir Pierre eers as H Lugmag en later as H UVM gedien.

In Okt 1990 het die volgende foto in die media verskyn toe die Kommando die eenheid se vaandel aan die Burgemeester van Theunissen vir oplegging en bewaring oorhandig het. Die vaandel se motief, die Vickers Vimy (Silver Queen) vliegtuig verskyn daarop. Ek sal graag wil weet wat van hierdie geskiedkundige vaandel geword het. Op die foto verskyn die destydse burgemeester van Theunissen, Raadslid Hannes Els, myself as Bev Gp 34 en die destydse en ‘n vorige Bev Theunissen Komdo”.

22. US Declaration of Independence

“Nothing important happened today”. So wrote King George in his diary on 04/07/1776. In the days of sailing ships dependent on winds, it would take nearly two
months for a copy of the Declaration of Independence, ratified on the same date he wrote the above, to reach his hands. This document gave rise to the War of Independence.

IN CONGRESS, JULY 4, 1776.

A DECLARATION

BY THE REPRESENTATIVES OF THE

UNITED STATES OF AMERICA,

IN GENERAL CONGRESS ASSEMBLED.

JOHN HANCOCK, PRESIDENT.

NUWE MILITêRE BOEKE

23. *African Combat* deur Al J Venter

Al verwittig dat “... my jongste en ook my laaste boek oor die Grensoorlog, naamlik *African Combat,* by die drukkers hier in die VK is. Dit is ‘n groot werk van ongeveer 400 bladsye met meer as 200 fotos. My sincere thanks to all you good people who contributed to this fine volume. We are the last of the Old Guard and sadly, our numbers are starting to thin. So much good work has been done”.



PAUL ELS SE BOEKE

24. Boek oor Walvisbaai
Die boek oor Walvisbaai is nou op die mark en kan bestel word vanaf epos@groep7.co.za.



25.Boek oor die Eenhede van die SWAGM
"Daar is nog nie 'n boek oor al die eenhede Suid van die Rooilyn geskryf nie en ek het besluit om die uitdaging te aanvaar. Ek het reeds daarmee begin en die boek se naam sal *South of the Redline* wees. Insette sal waardeer word".

26. Boek oor 101 Bn
"Ek het ook reeds met die boek oor 101 Bn van Owamboland begin en het reeds aansienlike bronmateriaal. Sal dit egter waardeer as lede van die eenheid met my kan kontak maak".

WELSYNSWERK

27. NTR.

ALGEMENE ASPEKTE
28. Guidelines on the Wearing of Medals and Decorations. Gert Minnaar has issued the following on behalf of the CMVO:

* Medals Awarded by Private Organizations
These medals may not be worn on a military uniform or with official honours. However, medals of some Life-Saving Societies have been given limited official recognition, enabling recipients to wear them when official honours are worn, usually on the right breast; once permission has been granted through official channels. Two examples are the Medal of the Royal Humane Society and the Order of St Johns as worn by Gen Deon Knobel of the SAMS. Medals awarded by private associations like the Scouts or military veterans' associations, are not to be worn in uniform. If they are worn in civilian dress or on the association uniform, they are worn below official SA honours or on the right breast as prescribed.

* False Orders
There are numerous false orders on sale. Many resemble genuine orders whose names have been adopted wrongly or illegally. The only orders recognized are those subordinate to heads of state or governments. They are not to be worn with official honours.

* Commercial Medals
Various commercial ventures sell commemorative medals, which are private in origin and have no official sanction. Many are advertised and sold and include medals for former Prisoners of War, for various campaigns and engagements for which no official medals have ever been instituted or for National Service. Periodically rumours are put out that they have been accorded official recognition. It is essential to be aware of these spurious medals, as to wear them with official honours lowers the status of earned South African honours. Do not wear them with official honours in any circumstances. The full instruction ia available on the link at https://www.cmvo.org.za/docs/History%20of%20SA%20Medals.pdf

29. Newsletter of the Naval Officers' Association of Southern Africa
Angel states that the Newsletter for Jul 2019 is available and can be requested from the Secretary, John Lamont, at glentyne@yebo.co.za.

30. *Military Despatches*
Robbie Roberts is Chairman of the Signals' Association and advises that the
Jul 2019 issue of Matt Tennyson's '*Military Despatches'* is now available. This reading pleasure is available on the website at www.militarydespatches.co.za, where all the back issues of the magazines can also be read. Lekker lees!"

31. Woorde van die Laaste Taptoe
Wyle Calla Theron van die Geskut het voor sy dood versoek dat die Afrikaanse woorde van die Laaste Taptoe op sy nis gegraveer word. Weet iemand dalk of daar wel 'n Afrikaanse beryming bestaan?

32. Ongemagtigde Dra van Paul Lombard van die Geskut se Uniform

David Peddle van die Infanterie verwittig "... dat 'n sekere Lotriet onwettig die uniform van Paul Lombard gedra het. Lotriet het blykbaar die uniform aangetrek en 'n foto op sy blad by FaceBook as 'n momento van die Film 'A Long walk to freedom geplaas!" Paul rapporteer dat "... die feite nog ondersoek word, soos waar hy dit gekry het waar dit nou is en waarom hy dit gedra het. Die uniform toon die kruislope met granaat van die Generaal van die Artillerie en die oorspronklike lap vleuels van 42 Lug OP Vlug. Ek was die enigste lid wat die lapvleuels gedra het nadat 42 LLV Esk gestig is en ander metaalvleuels later ontwerp was. So met die kruislope van die Generaal van die Art, die lapvleuels, die Art Skool affiliasie en die medaljes kan dit net my uniform wees! Vind hom en kla hom aan!"

Paul noem ook dat "... met my aftrede het het Phil Pretorius my gevra om my uniform aan die Oorlogsmuseum in Johannesburg te skenk wat ek toe wel gedoen het. Phil wou dit juis gehad het oor die uniekheid van die ou vleuels en die kruislope van die Generaal van die Artillerie!"

NUUS OOR DIE VETERANE-ORGANISASIES

33. Inleiding

Hierdie groephoof is geskep met die spesifieke doel om aan die Veterane-organisasies 'n forum te bied waar hulle die breër Veterane-gemeenskap oor hulle onderskeie aktiwiteite kan inlig. Maak gerus gebruik daarvan en insette sal waardeer word.

34. Toer van die Slagveld deur 61 Meg Bn se Veterane-vereniging (61 MVV)

Jaap Steyn van 61 Meg Bn verklaar dat die 61 MVV weer 'n toer van die slagvelde in Suid-Angola tussen 14 en 27/09/2019 gaan onderneem. Daar sal by die volgende plekke op die reis aangedoen word, naamlik Windhoek, Tsumeb, Oshivello, 61 Meg Bn se basis by Omuthiya, Ruacana, Cahama, Xangongo, Ongiva, Evale, Mupa, Cuvelai, Cassinga, Menongue, Longa, Cuito Cuanavale, Caiundo, Savate, Katwitwi, Rundu en 32 Bn se basis by Buffalo. Lede wat belangstel moet vir my by jaapminnie@telkomsa.net kontak".

61 Mech
battalion group veterans association npo
MOBILITATE VINCERE

ASPECTS CONCERNING OUR PENSION FUND (GEPF)

35. Response to Letter by AMAGP.
AP Stemmet has, as Spokesman of AMAGP, sent a strongly worded letter to the Chairman of the GEPF, Abel Sithole, to which he has responded as follows:

Dear Mr Stemmet
If you have any proof of the allegations that you are making, it is incumbent on you that you make such evidence available to the law enforcement authorities or the PIC Commission. I will not respond to any this. As you say, 'The Rule of Law must take its course'.

Kind regards

Abel

36. Acknowledgement of the Letter by AMAGP
The letter to the Minister referred to above, was written by Antonie Visser, the Chairman of AMAGP and has been acknowledged by Biznews as the Top Story of the Week.

37. Letter by AMAGP to the Chairmen of SCOPA and SCOF. The following are three extracts from the letter:

Honourable Gentlemen,
Heartiest congratulations on your appointments as Chairmen of the two Parliamentary Financial Oversight Committees, namely SCOPA and SCOF respectively.
The last time the PIC and GEPF were required to account to your two committees was at the two meetings on 17/10/2017 and 21/11//2018, which was a long time ago. In view of what happened since these meetings and taking into account what was revealed since then, especially the loss of billions of workers' and pensioners' money, as well as the way in which it was lost, we suggest that further appearances before your committees as soon as possible have now become imperative. We at AMAGP are aware of your knowledge and wide experience of financial matters, as well as your prior valuable contributions to the Parliament's oversight role. At the above meeting you pointed out that the PIC was not dealing with your committee in good faith.

In that regard we are sure that you have taken note of the newspaper reports of the evidence before the Mpati Commission about certain questionable investments and other dealings by the PIC. The lack of proper control by the Board of Trustees of the GEPF and its assets, and also the lack of due diligence and transparency of the Board of Trustees of the GEPF are well known and obviously require the oversight of your committee as a matter of urgency.

38. Letter by AP Stemmet as Published in Biznews
"As you will remember there were actually two lady whistleblowers at the VBS saga, namely Mariette Venter and Yvonne Page of Prasa. With hindsight we now know that VBS was working like a Ponzi scheme. Yvonne Page was clever enough to realise it right at the beginning and reported the matter to Treasury. She against all orders thwarted plans to get PRASA to invest R1bn in VBS bank. One wonders whether she was rewarded by PRASA for her efforts. Both these two ladies deserve a medal for their guts.

Many many people implicated in corrupt activities should have been prosecuted by now. Why the delay? We at AMAGP have a special interest in the VBS saga because millions of workers' and pensioners' money, which was invested there by the PIC, has been lost.

Two senior officials of the PIC were seconded to the VBS board. Instead of guarding the interests of GEPF money, but admitted of benefitting more than R7m each. It was eventually found that Ernest Nesane gained R16.6m and Paul Magula R14.8m, but both of them have not been prosecuted yet. We have also not heard about any of their assets being seized to recover some of the losses of the GEPF. At this rate corruption will never be eradicated. Are we not trying hard enough?"

39. Behoefte aan Navorsers

Hennie Roux van die Lugafweer verklaar dat "… ons navorsers nodig het om die baie data wat ons oor beskik te verwerk en te vertolk. AMAGP tree op ten behoewe van 1,3 miljoen dienende staatsamptenare, asook 430 000 pensioenarisse en hulle afhanklikes. Ons doel is om korrupsie en wanbestuur by die GEPF en OBK te bekamp. Die paar vrywillige, onbetaalde medewerkers van die organisasie kry nie naastenby die ondersteuning wat dit benodig nie en dit terwyl AMAGP se blad op FaceBook (FB) al deur bykans 7 000 persone al besoek is en daar so baie kundigheid en ondervinding onder ons beskikbaar is. Maar ons vorder! Kyk maar op ons FB en webwerf. Dit is vir ons duidelik dat AMAGP 'n rol gespeel het in die aanstelling van die Mpati Kommissie van Ondersoek (KvO) na die knoeiery by die OBK en het ons ook 'n voorlegging by die kommissie gemaak. Ons is ook gereed om 'n soortgelyke inset by die Zondo KvO te lewer. Dink maar net wat die gevolge sal wees as hierdie Fonds in duie stort?

Ons vordering by die AMAGP word beperk deur 'n tekort aan 'n navorsing- en vertolkingsvermoë, want ons het baie informasie waarvan sin gemaak moet word om optrede moontlik te maak. Dit veroorsaak krisisse terwyl daar tussen ons afgetredenes baie persone is wat oor die vermoë beskik om te help. Uile, Jakkalse en andere moet betrokke raak. Die SAW se kursusse het ons almal in logika geskool en saam met 'n bietjie vrywillige tyd en 'n rekenaar met internet toegang, is al wat nodig is. Maak nie saak waar jy woon nie.

Ons sal 'n voorstel vir oorweging aan jou stuur indien jy kan help. Kontak my asseblief by hennie@nostalgie.co.za".

40. Nuwe Voorkoms van AMAGP se Blad op FaceBook

As Kleynhans van die Lugafweer verwittig "…dat AMAGP se blad op FaceBook 'n gedaanteverwisseling ondergaan het. Dit het 'n nuwe gesiggie en die naam is nou GEPF WATCHDOG/WAGHOND. Die nuwe voorkoms trek aandag en ons ledetal op Facebook binne drie dae met meer as 1000 gegroei, wat talle lede van die SAP en ander staatsdepartemente insluit".

SOEKTOGTE

41. Waar is die Tiffies van 1967?

Rinus (Gey) Phillipson van die TDK is "... op soek na die Tiffies wat direk by die Staandemag aangesluit en toe tussen Mei en Aug 1967 by die Diensvakskool basiese opleiding ondergaan het. My kontakdetail is 078 540 7444 en phillipsonrinus@gmail.com".

GELEENTHEDE, FUNKSIES EN KURSUS- EN ANDER RE-UNIES

42. Infanteriste is Plesierig

John Lizamore verwittig dat "… die volgende hinderlaag van die SA Infanterie- vereniging vanaf 11:30 vir 12:00 op Saterdag 17/08/2019 by die Bronberg Landgoed sal plaasvind. Die vergadering van die NUR begin om 09:00 maar sal teen 12:00 afgehandel wees. Bespreek bywoning asseblief met Geoff Holland-Muter by selno 0766379355 of op geoff@bexlosa.com. Kostes is slegs R120 per ete en drank is by die kontantkroeg teen militêre pryse beskikbaar. U kan gerus u vrouens saambring om die dag saam met ons te geniet".

43. Dinner for Recipients of the HC and the Nkwe

John Parkin reports that he is "... arranging a dinner for the recipients and their ladies to take place at 18:00 for 18:30 on 10/08/2019 at The View, Ridge Road in Parktown. Dress is Mess Dress for serving members, otherwise Black Tie with miniature medals, or Association Blazer and tie with normal medals. Amount is R400 per person. Please advise me on 082 854 4300 or on john@gratus.co.za".

44. Herdenking van Op Savannah op 08/09/2019

Renaud Booysen is die Voorsitter van die Savannah Bond van Veterane en verklaar dat "… die 44 ste Herdenking van Op Savannah om 10:30 vir 11:00 op Sondag 08/09/2019 by Op Savannah se Gedenknaald by die Voortrekker Monument (VTM) sal plaasvind. Die algemene jaarvergadering vind daarna vanaf 12:00 in die Voortrekker Gedenksaal by die braai-area net agter die VTM plaas. Die funksie sal 'n spitbraai wees en wyn word aan tafel verskaf. Eie koue verversings mag saamgebring word. Koste is R140 per persoon. Verskaf asseblief die name van persone wat gaan bywoon en toon u van as verwysing op die inbetaalstrokie. Finale datum vir bevestiging is 31/08/2019. Bank besonderhede is Investec Bank, Bond van Savannah Veterane, rekeningnommer 50010032989 en takkode is 580105. Gebruik rekeningnommer 4059749310 indien die rekening met kontant of per tjek betaal word. Stuur asseblief bevestiging van bywoning en betaling na ereatrust@mweb.co.za. My selno is 0833756815".

45. Fun in the Eastern Cape

Jock Harris of Infantry fame reports that he "… has arranged a monthly lunch for the Military Veterans in Port Elizabeth for the past 12 years, which is regularly attended by up to 12 Vets. Members from Jeffery's Bay also attend from time to time. For the past 16 years a weekend tour has been arranged every year, which has proved to be popular. Veterans wishing to join must please contact me on my e-mail address at jockh@telkomsa.net".

46. Herdenking van die Aardbewing en die Lugafweer se Hulp aan Ceres
Angelique Le Roux van die Togryers Museum op Ceres verwittig dat "… die Museum besig is om 'n gedenkdiens te reël om die 50ste herdenking van die groot aardbewing in Ceres te gedenk. Die diens sal in Sep 2019 plaasvind en die museum wil graag van die Militêre Veterane van 10 LA Eenh te Youngsfield nooi, wat in 1969 tydens die aardbewing steun aan die inwoners van Ceres verskaf het. Kontak asseblief vir die Museum se bestuurder, Bertdene Laubscher, by 023-312 2045 of op haar e-posadres by togryersmuseum@gmail.com vir navrae. My selno is 082 337 2499".

47. SAWV se Landwye Geleenthede in Aug en Sep 2019.
Die volgende geleenthede word onder die vaandel van Op Kolgans aangebied. Kontak vir Jaco Steenberg by die SAWV op bemarking@milvets.co.za of soos anders aangedui:
* Pretoria. Op 10/08 en 14/09/2019 om 08:30 vir 09:00 by Chatterley's in Valhalla. Kontak vir Arlene Bronkhorst by sawv@milvets.co.za.
* Secunda. Op 10/08 en 14/09/2019 om 08:00 vir 08:15 by die Kruik Café. Kontak vir Aart Reedijk by aart.reedijk@gmail.com.
* Roodepoort. Op 03/08 en 07/09/2019 om 8:30 vir 09:00 by Framandas, Prosperitystraat 4 in Groblerpark. Kontak die SSM op 066-302-3822.
* Bloemfontein. Op 10/08 en 14/09/2019 om 10:00 vir 11:00 by die Western Saloon in die Bains Game Lodge. Kontak vir Marthin Combrinck by combrinckmj@gmail.com.
* Naboomspruit. Op 03/08/2019 om 08:00 by die Naboomspruit Golfklub. Kontak vir Peter Henderson by peter.greeninv@gmail.com.
* Standerton. Op 03 en 10/08 en 07 en 14/09/2019 om 08:30 vir 09:00 by die Dundelion Koffiewinkel. Kontak vir Leon Hattingh by 082 928 7892.
* Oudtshoorn. Op 03/08/2019 om 10:00 by die Rou Karoo in Hoogstraat en op 07/09/2019 La Dolce Vita Baron Van Rheedestraat. Kontak vir Jaco Steenberg by 073 204 6066.

ADMINISTRASIE

48. NTR.

NETWORKING

49. NTR.

LAASTE LAWWE (EN SOMS ERNSTIGE) STUKKE

50. Food for Thought
* Working hard for something we love is called passion.

* Tact is the art of making a point without making an enemy.

51. Overheard at the Zondo Commission
A man who was born and raised in a rondavel cannot be pushed into a corner.

52. Bloedsweet voor die Troue
Paul Els vertel van die bruid wat voor haar troue lê en tob oor die moontlikheid dat hulle voor die Magistraat gaan trou, maar dat die saak uitgegooi word.

SLOT

53. En op daardie benoude noot, enjoy the rest of the week.

Johann

VRYWARINGSKLOUSULE

54. Hierdie Nuusbrief bevat die uiteenlopende en diverse persoonlike menings van Militêre Veterane en die Opsteller van die Nuusbrief kan nie in sy persoonlike hoedanigheid daarvoor verantwoordelik of aanspreeklik gehou word nie.